PUBLIC NOTICE

NOTICE 91/2023/2024

PUBLIC PARTICIPATION IN TERMS OF SECTION 33 OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT (MFMA) (Act 56 of 2003) FOR THE PROCUREMENT OF A THIRD-PARTY PREPAYMENT ELECTRICITY VENDING SYSTEM FOR FIVE (5) YEARS ALLOWING FOR SEAMLESS PURCHASING OF ELECTRICITY FROM THE COMFORT OF CONSUMER'S RESIDENCES VIA ONLINE PAYMENT PLATFORMS

Swartland Municipality, in terms of the provisions of Section 33 of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) (MFMA), hereby makes public that it intends to appoint a service provider for a period of five (5) years for the **Installation, Training and Commissioning of an Optimal Prepayment Electricity Vending System subject to the approval from Council in terms of Section 33 of the MFMA**.

Furthermore, this notice is given in terms of Section 21(1) and 21A of the Local Government Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) that the local communities and/or affected parties are invited to submit comments or representations in respect of the proposed contract, and that such notice is published in the local newspaper or newspapers of its area, or a newspaper or newspapers circulating in the municipal area so determined by the council as a newspaper of record.

The Municipality plans to engage a third-party System-vendor to enable consumers to purchase prepaid electricity from the comfort of their homes via various online payment platforms. The Municipality has sufficiently budgeted for this expenditure over the multi-years, which will be an all-inclusive fixed transaction fee. The envisaged expenditure beyond the newly approved multi-year budgets is thus fixed based allowing for ring-fenced cost centre expenditure management over the envisaged 5-year period.

Currently, the Municipality has several vendors operating on a commission basis; however, these vendors require consumers to make physical visits to purchase prepaid electricity. Procuring this new platform will allow for seamless purchasing of prepaid electricity from the comfort of consumers' homes, via online payment platforms. The Municipality anticipates that this procurement will result in improved customer relations and will not negatively impact consumers beyond the multi-year budgeted allocations.

The draft contract will be available for inspection at the office of the r Snr Manager Treasury, Mr P Sheldon, contactable via email sheldonp@swartland.org.za or (022) 487-9700 during office hours at the Municipal Offices, Church Street, Malmesbury.

Comments or representations must be submitted in a sealed envelope clearly marked "Procurement of Third-party Prepayment Electricity Vending System" and be deposited in the tender box at the Municipality's head office at 1 Church Street, Malmesbury.

All submissions must be addressed to:
The Municipal Manager
Swartland Municipality
1 Church Street
Malmesbury
7300

The closing date for written submissions shall be **4 July 2024.**

MUNICIPAL OFFICE
PRIVATE BAG X52
MALMESBURY
30 MAY 2024

JJ SCHOLTZ
MUNICIPAL MANAGER

OPENBARE MEDEDELING

KENNISGEWING 91/2023/2024

OPENBARE DEELNAME INGEVOLGE ARTIKEL 33 VAN DIE WET OP MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR 56 VAN 2003 OOR DIE VERKRYGING VIR VYF (5) JAAR VAN 'N DERDEPARTY-VOORAFBETAALSTELSEL VIR ELEKTRISITEITSVERKOPE WAARVOLGENS VERBRUIKERS ELEKTRISITEIT SONDER HAAKPLEK VANUIT DIE GERIEF VAN HULLE WONING OP AANLYN BETAALPLATFORMS KAN AANKOOP

Die Swartland Munisipaliteit maak hiermee aan die publiek bekend, ooreenkomstig die bepalings van artikel 33 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur 56 van 2003 (die "*MFMA*"), dat die Munisipaliteit van voorneme is om 'n diensverskaffer vir 'n tydperk van vyf (5) jaar aan te stel **om 'n optimale voorafbetaalstelsel vir elektrisiteitsverkope te installeer en te bedryf, en opleiding daaroor te verskaf**, onderhewig aan goedkeuring deur die Raad ingevolge artikel 33 van die Wet.

Verder word die plaaslike gemeenskappe en/of partye wat hierdeur geraak word, uitgenooi om kommentaar of vertoë rakende die voorgenome kontrak voor te lê. Bekendmaking geskied, ingevolge artikel 21(1) en 21A van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels 32 van 2000, deur publikasie in die plaaslike koerant(e) in die munisipale gebied, of in 'n koerant of koerante wat in die gebied versprei word en waarop die Raad as verslagkoerant besluit het.

Die Munisipaliteit is van voorneme om 'n derde party as stelselverskaffer aan te stel sodat verbruikers voorafbetaalde elektrisiteit vanuit die gerief van hulle woning, op aanlyn betaalplatforms, sal kan aankoop. Die Munisipaliteit het voldoende begroot vir hierdie uitgawe oor die meerjarige tydperk heen, wat 'n allesomvattende vaste transaksiekoste sal beloop. Die voorsiene uitgawe bo en behalwe die nuut goedgekeurde meerjarige begroting is dus vasgestel, wat beteken dat afgekampte kostepunt-uitgawes oor die voorsiene vyfjaartydperk bestuur kan word.

Die Munisipaliteit het tans verskeie verskaffers wat volgens 'n kommissiestelsel funksioneer. Hierdie stelsel verg egter dat verbruikers die verskaffers fisiek moet besoek om voorafbetaalde elektrisiteit te koop. Met die nuwe platform sal verbruikers sonder haakplek vanuit die gerief van hulle woning voorafbetaalde elektrisiteit kan aankoop op aanlyn betaalplatforms. Die Munisipaliteit voorsien dat hierdie verkryging betrekkinge met kliënte sal verbeter en dat dit nie verbruikers nadelig sal raak buiten die meerjarige begrotingstoekennings nie.

Die konsepkontrak is ter insae beskikbaar by die Senior Bestuurder: Tesourie, mnr P Sheldon, se kantoor by die munisipale gebou in Kerkstraat, Malmesbury. Kontak hom asseblief per e-pos by sheldonp@swartland.org.za of skakel 022 487 9700 tydens kantoorure.

Lê asseblief u kommentaar of vertoë voor deur 'n toegeplakte koevert, wat duidelik "Verkryging van derdeparty-voorafbetaalde stelsel vir elektrisiteitsaankope" gemerk is, te plaas in die tenderhouer by die Munisipaliteit se hoofkantoor – Kerkstraat 1, Malmesbury.

Rig asseblief alle voorleggings aan:
Die Munisipale Bestuurder
Swartland Munisipaliteit
Kerkstraat 1
Malmesbury
7300

Skriftelike voorleggings sluit op 4 Julie 2024.

MUNISIPALE KANTOOR
PRIVAAT SAK X52
MALMESBURY
30 MEI 2024

JJ SCHOLTZ
MUNISIPALE BESTUURDER